

Nuwe Lied Bediening

Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Die Rol van Bloed in God se Raadsplan

Deel 1:Nie Sonder Bloed Nie!

Doel van die studie

In יהוה-God se Raadsplan om alles te herstel tot soos dit voor die sondeval was, speel die bloed 'n sentrale rol. In hierdie studie sal die volgende bespreek word:

1. **Deel 1: Nie sonder bloed nie!!** Die rol van bloed in die ou en die nuwe verbond as vergifnis van sonde en versoening met God.
2. **Deel 2: Verlossing deur die bloed van Yeshua.** Die krag van die bloed van Yeshua. Hoekom is daar krag in die bloed van Yeshua?
3. **Deel 3: Wat Behels die verlossing deur die bloed van Yeshua?**
 - Versoening deur die bloed.
 - Reiniging deur die bloed.
 - Afgesonderd tot diensbaarheid deur die bloed.
 - Ewige lewe deur die bloed
 - Oorwinning deur die bloed.
 - Oorvloedige lewe deur die bloed.
4. **Deel 4: Bloedlynvloeke (Generational curses):** Is dit Skriftuurlik?
5. **Deel 5: Epigenitika:** Is sekere negatiewe gedragpatrone oorerflike bloedlynvloeke?
6. **Deel 6: Pleit die bloed:** Is dit Skriftuurlik?

Met hierdie studie is dit ook belangrik om te verstaan dat alles wat vanaf die sondeval in Genesis hoofstuk 3 tot en met Openbaring hoofstuk 20 beskryf word, is יהוה-God se Raadsplan om die verhouding tussen God en die mens, asook die mens self en die aarde, te herstel en te herskep tot soos wat dit was voor die sondeval! In hierdie Raadsplan neem die bloed 'n sentrale rol in. Alles in die Afgesonderde Skrifte wat vanaf Genesis 3 tot en Openbaring 20 opgeteken is, moet plaasvind alvorens daar 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde kan wees!

Agtergrond

Die vertrekpunt van hierdie studie is Heb. 9:6, 7 en 18¹

⁶ Die priesters het elke keer in die buitenste Tabernakel ingegaan en hulle bediening uitgevoer,

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

⁷ maar in die binneste van die Tabernakel het die hoofpriester alleen, een maal per jaar, met bloed, wat hy offer vir sy lewe en vir die oortredinge van die mense, ingegaan.

¹⁸ As gevolg hiervan is selfs die eerste nie sonder bloed ingestel nie.....

Dit is belangrik om die Skrifte in geheel te neem om te leer wat dit oor 'n bepaalde waarheid (konsep en opdrag) getuig. In dié verband is “the law of first mention” baie belangrik en dien as vertrekpunt van begrip vir 'n bepaalde waarheid. Alle ander teksverse verwysend na dieselfde waarheid moet verklaar word in die lig van die eerste teksvers waar dit gemeld word.

Tweedens is dit belangrik om alles in die Skrifte in konteks te lees. Dit beteken om 'n teksvers te verklaar in die lig van wat in die bepaalde gedeelte (hoofstuk) geskryf is. En onthou: Daar is geen teenstrydighede in die woord van God nie!

Een waarheid wat vanaf Genesis tot Openbaring sentraal in יהוה-God se plan van vergifnis, versoening en herstel openbaar word, is die waarheid oor die bloed, naamlik die sterwe (die storting van bloed) van die onskuldige in die plek van die skuldige. Vergifnis van sonde en versoening met God is nie moontlik sonder bloed nie!!

Bloed en die Ou Verbond

Die begin van hierdie waarheid van vergifnis en versoening deur die bloed vind ons in die tuin van 'Eden na die sondeval van die mens. In Gen. 3:21 lees ons: “יהוה-God het vir die mens en sy vrou klere van vel gemaak en hulle aangetrek”. Die detail ontbreek, maar 'n onskuldige dier(e) het in die plek van die mens (Adam en Havah) gesterf! Hierdie “nuwe begin” vir die mens na die sondeval was nie sonder bloed nie! Die grondslag is gelê, naamlik: Daar is geen vergifnis sonder bloed nie! Hierdie is “the law of first mention”!

Die offer van Kayin en Hevel gee egter vir ons meer duidelikheid, naamlik Hevel se offer van die eersgeborene van sy kleinvee was aanvaar, maar Kayin se offer van die vrugte van die land was deur God verwerp (Gen. 4:1-8). Kayin se offer was sonder bloed!! Hier is ook die eerste heenwysing na die offer van die eersgeborene!

Die begin van die geskiedenis van die mens bevestig dus dat daar geen vergifnis van sonde en versoening met, of toenadering tot God, sonder bloed kan wees nie!

En sestien eeue later is die sondvloed toe יהוה-God die aarde deur 'n watervloed “skoon gewas” het van sonde! Die eerste daad van Noag toe hy uit die ark gegaan het, was om 'n brandoffer te bring (Gen. 8:16-22). Ook hierdie nuwe begin was deur die bloed van die onskuldige wat in die plek van die skuldige gesterf het – nie sonder bloed nie!

Weer het die sonde toegeneem en God het die volgende fase van Sy plan van versoening en herstel in werking gestel met die roeping van Avram (later Avraham) as die begin van 'n volk wat God vir Homself sou afsonder en uit wie se nageslag die vervulling van die belofte van die saad van die vrou wat die slang se kop sou vermorsel (Gen. 3:15), sou kom! Maar ook hierdie begin was nie sonder bloed nie!!

Eerstens was Avraham, die Vader van vertrouwe, se verhouding met God by wyse van 'n bloedverbond gewees (Gen. 15:8-18) – 'n sinnebeeld van die nuwe verbond en ook nie sonder bloed nie!

Tweedens moes Avraham sy seun van die belofte, Yitz'gak, op die berg Moriyah, wat beteken: “deur יהוה gekies”, gaan offer het (Gen. 22:1-18). Hierdie is 'n sinnebeeld van

Vader-God se Eersgebore Seun (Rom. 8:29; Kol. 1:15, 18), Yeshua, die Seun van die belofte, se bloed wat gestort is as die Lam van God.

Maar Yitz'gk kon nie geoffer word nie, want hy was nie sonder sonde nie, daarom het God 'n onskuldige ram as offer voorsien. Maar deur Avraham se vertrouwe en gehoorsaamheid was dit so goed soos Yitz'gk wat gesterf het en weer uit die dood opgestaan het (Heb. 11:17-18). Yitz'gk was dus die sinnebeeld van die onskuldige eersgebore mens wat in die plek van die skuldige mensdom sou sterf tot ewige versoening met God. Dit was die skadubeeld van Yeshua, die finale offer waar die bloed van die onskuldige gestort sou word in die plek van die skuldige (Heb. 10:12)

Avraham se vertrouwe en gehoorsaamheid het die weg gebaan vir die volgende fases van יהוה se Raadsplan. Na vier honderd jaar as vreemdelinge in 'n land wat nie aan hulle behoort nie (Gen. 15:13) word Yisra'el, die nageslag van Avraham, Yitz'gk en Ya'akov, van die Mitzrayimitiese slawejuk bevry². Hierdie nuwe begin was ook nie sonder die bloed nie (Ex. 12:1-28)! Elke onskuldige lam wat geslag was, en die bloed aan elke deurkosyn, was 'n heenwysing na Yeshua, die Lam van God (Joh. 1:29, 36)!

want יהוה sal deurgaans om die hele Mitzrayim te slaan en wanneer Hy die bloed sien aan die bo-kosyn en aan die twee deurposte, sal יהוה by die deur verbygaan en die vernietiger nie toelaat om in julle huise in te gaan om julle te slaan nie. Ex. 12:23.

Waar die bloed van die onskuldige lam gestort en sigbaar was, was daar geen oordeel gewees nie! Nie sonder bloed nie!

Vyftig dae later by Sinai sien ons ook 'n nuwe begin vir Yisra'el toe hulle יהוה se Torah ontvang het. Ook hier was dit nie sonder bloed nie, want יהוה-God sluit 'n bloedverbond met Yisra'el. Die voorwaardes van die verbond is opgeskryf in die boek van die verbond en die volk self word met die bloed van die onskuldige offerande besprinkel (Ex. 24:4-8).

Hierop volg die opdrag om 'n Tent van Onmoeting te bou sodat יהוה in die midde van Sy volk kon woon (Ex. 25:8-9). En sentraal tot hierdie inwoning van God se Gemanifesteerde Teenwoordigheid is die bloed van al die verskillende offerandes. Hierdie Tabernakel met al die offerandes was die enigste weg tot versoening met God en van Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid en was slegs moontlik deur die voortdurende offers waar die bloed van die onskuldige in die plek van die skuldige gesterf het.

Hierdie dienswerk en offerandes was ook voortgesit in die eerste en die tweede tempel. Maar hierdie was slegs 'n skaduwee van die goeie dinge wat sou kom (Heb. 10:1-4).

¹ want die geskrewe wet was 'n skaduwee van die goeie dinge wat sou kom, nie die kern van die dinge nie omdat die offers wat elke jaar gebring word, dié wat hulle offer, nooit volmaak kan maak nie,

² Hierdie kort video: 'How Long Were The Israelites In Egypt?' (<https://www.youtube.com/watch?v=FF0F8YjT1og>) gee konkrete bewys dat Yisra'el slegs vir sowat 215 jaar in Egipte was en waarvan hulle slegs vir sowat 144 jaar slawe was. Maar in totaal het Avraham en sy nageslag vir 400 jaar in 'n vreemde land gewoon. Dit verduidelik ook hoe Gen. 15:13, Ex. 12:40 en Gal. 3:17 in die geheelprentjie verklaar moet word. Verwys ook <https://answersingenesis.org/bible-questions/how-long-were-the-israelites-in-egypt/>

2 want as dit volmaak gemaak het, sou hulle sonder twyfel opgehou het om te offer omdat hulle geen gewete meer oor sondes sou hê nadat hulle een maal gereinig is nie,
 3 maar deur die offers onthou hulle elke jaar hul sondes,
 4 want dit is nie moontlik vir die bloed van bulle en jaaroud bokke om die sonde weg te was nie.

Die nuwe verbond is dan ook bevestiging van die goeie dinge wat sou kom!

Bloed en die Nuwe Verbond

Die vervulling (vervolmaking) van al die offerandes deur die eeue was die bloed van die Lam van God, Yeshua, dié Gesalfde Een. Hy was die eenmalige offer!!

11 Elke hoofpriester staan elke dag om te bedien en dieselfde offers te bring wat van die ou tyd af nooit die sondes kon verwyder nie,
 12 maar Hy het een offer ter wille van sonde gebring en gaan sit aan die regterkant van God vir altyd,
 13 wagtend verder totdat Sy vyande 'n voetbank onder Sy voete gemaak is,
 14 want deur een offer het Hy vir altyd die wat daardeur afgesonderd is, tot die doel gebring. Heb. 10:11-14.

Vergifnis van sonde en versoening met God deur die bloed van 'n onskuldige dier het tot 'n einde gekom! Nou is vergifnis van sonde en versoening met יהוה-God onder die nuwe verbond slegs moontlik deur vertrou in die bloed van Yeshua wat aan die folterpaal gestort was. Daarom het Yeshua gesê dat Hy is die Weg, die Waarheid en die Lewe (Joh. 14:6). Hierdie nuwe begin was ook nie sonder bloed nie – die keer nie deur die bloed van 'n dier nie, maar deur die bloed van dié Gesalfde van God!

Yeshua is die Lam van God wat die sonde van die wêreld verwyder (Joh. 1:29) en Hy is die Een wat met die Afgesonderde Gees doop (Joh. 1:33). Yeshua se bloed tot vergifnis van sonde en versoening met God moes die uitstorting van die Gees wat Afgesonderd is voorafgaan.

Die praktyk en toepassing van die offerandes het dus met die nuwe verbond verander. Nou is dit nie meer op die fisiese doen daarvan gerig nie, maar die klem het nou verskuif na die geestelike verstaan en toepassing daarvan deur vertrou in die geestelike begrip daarvan. Daarom skryf Sha'ul dat Yeshua die einddoel van die geskrewe wet is (Rom. 10:4).

Hierdie geestelike toepassing vind ons in Yeshua se eie woorde, ondermeer in Joh. 6:51-56 toe Hy gesê het:

54 Wie ook al van My liggaam eet en My bloed drink, het die ewige lewe en Ek sal hom laat opstaan in die laaste dag,
 55 want My liggaam is ware kos en My bloed is ware drank.
 56 Wie My liggaam eet en My bloed drink, bly in My en Ek in hom.

Die bloed van Yeshua is die bloed waarmee die ewige verbond verseël is (Heb. 13:20) en soos wat deur Yeshua self bevestig is toe Hy saam met Sy studentevolginge Pesag gedenk het die aand voor sy folterdood:

26 Terwyl hulle eet, vat Yeshua die brood, dank daarvoor, breek dit en gee dit aan Sy studentevolginge en sê: “Neem, eet, dit is My liggaam.”
 27 Hy vat ook die beker, dank daarvoor, gee dit aan hulle en sê: “Drink almal daaruit,

28 want dit is My bloed, van die Nuwe Verbond, wat vir baie uitgestort word tot vryspraak van sondes. Matt. 26:26-28

Die skrywer van die brief aan die Hebreërs gee ook vir ons insae in die ware doel en die betekenis van die bloed van Yeshua.

- Heb. 9:12 – Yeshua het met Sy eie bloed 'n ewige loskoping verkry.
- Heb. 9:14 – Yeshua se bloed reinig ons gewete van dooie werke.
- Heb. 10:19 – Deur die bloed van Yeshua het ons vrymoedigheid om in die Afgesonderde Plek in te gaan.
- Heb. 13:12 – Deur Yeshua se bloed is ons afgesonder vir God.
- Heb. 13:20 – Die bloed van Yeshua van die ewige verbond.

Die briewe deur die Apostels bevestig ook dat ons verlossing, ons versoening met Vader-God, ons afgesonderdheid, ons reiniging, ons oorwinning en oorfloed lewe, slegs moontlik is deur die bloed van Yeshua!

- Rom. 3:24, 25 – Yeshua se bloed as versoening deur vertrou.
- Efes. 1:7 – Verlossing deur Yeshua se bloed.
- Kol. 1:20 – Vrede gemaak deur die bloed van Yeshua se kruisiging.
- 1Pet. 1:2 – Afgesonderd tot gehoorsaamheid en tot besprinkeling met die bloed van Yeshua.
- 1Pet. 1:18-19 – Losgekoop deur die kosbare bloed van Yeshua.
- 1Joh. 1:7 – Die bloed van Yeshua reinig ons van al ons sondes.

Selfs in die boek van Openbaring tree die bloed van Yeshua steeds op die voorgrond.

- Open. 5:6 – tussen die troon, die vier wesens en die oudstes, staan daar 'n Lam asof Hy geslag is.
- Open. 7:14 – Dit is hulle wat uit groot lyding kom en hulle het hul klere gewas en wit gemaak in die bloed van die Lam.
- Open. 12:11 – En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die boodskap van Sy getuienis.

Nie sonder bloed nie!

Van die begin tot die einde van die Skrif, van die geslote tot die herstelde Tuin van Eden, loop die goue draad, naamlik die bloed wat die begin en die einde verenig en wat alles herstel wat die sonde verderwe het!

Deur die kosbare bloed van die Lam van God, Yeshua dié Gesalfde Een, is daar totale vergifnis van en oorwinning oor sonde, asook totale bevryding van enige bindinge (vloeke)!! Deur vertrou en begrip van die krag van die bloed van Yeshua in God se Raadsplan van volledige herstel van die mens se gees, siel en liggaam, het ons nie nodig om ander alternatiewe te soek nie!!

17 As julle jul op Hom as Vader beroep, wat onpartydig oordeel volgens elkeen se dade, leef dan in respekvolle vrees gedurende dié tyd wat julle vreemdelinge is

18 omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle leë dade wat tradisioneel deur die vaders oorgedra is nie,

19 maar deur die kosbare bloed van die Lam, waarin geen gebrek of vlek is nie, wat dié Gesalfde Een is,

20 wat wel voor die tyd hiervoor aangestel is, voor die vorming van die wêreld, maar in hierdie laaste tye openbaar is, om julle ontwil.

21 Julle, wat deur Hom, in God, wat Hom uit die dood uit opgewek en aan Hom eer, lof en goedheid gegee het, vertrou het sodat julle vertrou en versekerde verwagting in God kan wees,

22 soos julle lewens afgesonder sal word in gehoorsaamheid aan die waarheid en gevul word met liefde, sonder aanneming van 'n persoon sodat julle mekaar sal liefhê uit 'n skoon en volmaakte verstand, wil en emosie,

23 soos mense wat van bo af gebore is, nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die Lewende boodskap van God, wat tot in ewigheid bly, 1Pet. 1:17-23.

יהוה-God is nie 'n mens dat Hy sal lieg nie; alles wat God gesê het, het Hy gedoen en sal Hy nog doen (Num. 23:19)!!

-0-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalom!

Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.